higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BEMARKINGSNAVORSING N6

21 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	J		
	1.1.2	C		
	1.1.3	G		
	1.1.4	H		
	1.1.5	I		
	1.1.6	A		
	1.1.7	F		
	1.1.8	B		
	1.1.9	D		
	1.1.10	E		
			(10 × 2)	(20)
1.2	1.2.1	B		
	1.2.2	D		
	1.2.3	D		
	1.2.4	A		
	1.2.5	A		
	1.2.6	B		
	1.2.7	C		
	1.2.8	D		
	1.2.9	D		
	1.2.10	D		
			(10 × 2)	(20)
1.3	1.3.1	raamwerk		
	1.3.2	inligting		
	1.3.3	op te los		
	1.3.4	beskrywende		
	1.3.5	kousale		
	1.3.6	oorsaak		
	1.3.7	gevolg		
	1.3.8	verkennende		
	1.3.9	hipoteses		
	1.3.10	benadering		
			(10 × 1)	(10)
				[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Die vertroulikheidsinterval spesifiseer die vlak van presisie.
- Dit is die maksimum toelaatbare verskil tussen die steekproefgemiddelde en die populasiegemiddelde.
- Dit spesifiseer die vertroulikheidsvlak.
- Dit bepaal die standaardafwyking van die populasie.
- Inligting oor die standaardafwyking is beskikbaar vanaf sekondêre bronne. (5 × 2) (10)

2.2
- Om studies uit te voer om vas te stel wat verbruikers wil hê voordat enige besluit aangaande bemarkingstrategieë geneem word
- Om die bemarkingsbestuurder van die nodige inligting en terugvoer te voorsien
- Om data te verskaf, in te samel, op te teken en te ontleed om moontlike leemtes in bestuursbesluite op te klaar
- Om te bepaal hoe die kliënt se behoeftes bevredig kan word
- Om die ingesamelde inligting te ontleed en voorheen onopgemerkte geleenthede en probleme op te spoor (5 × 2) (10)

2.3 2.3.1
- Bepaal watter inligting is nodig en hoe om dit in te samel.
- Beskryf die algemene probleem en spesifieke komponente.
- Bied geleentheid, moet invloed van omgewingsfaktore verstaan.
- Sluit in vorige voorspellings, hulpbronne en beperkings, doelwit, kopersgedrag, regsomgewing, ekonomiese omgewing, bemarkings- en tegnologiese vaardighede.
- Onderskei tussen simptoom en probleem; probleem bestaan waar daar geen duidelike antwoord is nie.
- Belangrik om soveel inligting moontlik oor die probleem in te samel.

2.3.2
- Datavoorbereiding bestaan uit drie fases: redigering, kodering, klassifikasie.
- Tydens datavoorbereiding word die vraelyste nagegaan.
- Transkripsie en skoonmaak van data word gedoen.
- Data-ontleding bestaan uit tabellering en statistiese verwerking.
- Die navorser moet die korrekte data-ontledingsmetode kies.
- Rekenaarsagteware word vir data-ontleding gebruik.

2.3.3
- Dit is die enigste tasbare produk van die navorsing.
- Dokumentêre bewyse
- Historiese rekord
- Rig bestuursbesluite
- Beoordeel gehalte van hele projek op grond van gehalte van verslag.
- Moet presies, netjies en aanvaarbaar wees.

(3 × 6) (18)

2.4
- Kliëntontleding: Bepaal kliënte se koopgewoontes, koopmotiewe, frekwensie van aankope en hoeveelheid gekoop.
- Markfaktorafleiding: Bestudeer elemente in die mark wat veroorsaak dat die vraag na 'n produk of diens toeneem of afneem.
- Opnames van kopersvoornemens: Samel inligting in direk vanaf mense wat uiteindelik die produk of diens sal koop of nie koop nie.
- Toets mark: Produkte en dienste word in die mark getoets om te sien hoe mense reageer en om verkoopspotensiaal aan te dui. (Enige 3 × 2) (6)

2.5

	KWALITATIEF	KWANTITATIEF
Resultaat	Ontwikkel 'n aanvanklike begrip	Beveel 'n finale plan van aksie aan
Data-insameling	Ongestruktureerd	Gestruktureerd
Data-ontleding	Niestatisties	Statisties

(-1 indien nie in tabelformaat nie)(6 × 1) (6)
[50]

VRAAG 3

3.1
- Die steekproef moet betrekking hê op die probleemdefinisie.
- Die steekproef moet die populasie verteenwoordig vir wie die studie uitgevoer word.
- 'n Steekproef wat onder dieselfde omstandighede getoets word, moet dieselfde resultate lewer.
- Die steekproefwaarde moet akkuraat wees.
- Steekproeffoute moet so ver moontlik beperk word.
- Steekproefraamwerk moet gebruik word vir die identifikasie van teikenpopulasie.
- Steekproefgrootte moet regte verhouding met betrekking tot populasie weerspieël.
- Steekproefmetode moet van toepassing op die studie wees. (Enige 5 × 2) (10)

3.2
- Betroubaarheid: die mate waartoe meetskaal konsekwente resultate vir herhaaldelike metings lewer.
- Geldigheid: mate waartoe verskille in waargeneemde skaaltellings die ware verskil tussen voorwerpe weerspieël ten opsigte van eienskappe wat gemeet word.
- Sensitiwiteit: die vermoë van metings om verskille aan te dui.
- Relevansie: die meetskaal moet relevant wees tot die probleem wat opgelos word.
- Veelsydigheid: meetskaal moet die vermoë hê om statistiese inligting te vertolk.
- Gemak van reaksie: meetskaal moet die vermoë hê om swak vertolking van vrae te bepaal. (6 × 2) (12)

3.3
- Persoonlike tuisonderhoud/Persoonlike onderhoud
- Inkopiesentrum-onderskepte persoonlike onderhoude
- Rekenaargesteunde persoonlike onderhoudvoering (3 × 1) (3)

3.4 Hierdie is 'n riglyn. Studente kan ander soorte en/of volgorde van vrae gebruik.

INLEIDING

Geagte Meneer/Mevrou
Die SR van (naam van kollege) gaan 'n Entrepreneurskapsdag hou. Die doel van hierdie vraelys is om uit te vind wat die gemeenskap van so 'n dag verwag. Voltooi asseblief die vraelys na die beste van u vermoë. (3)

INHOUD

Digotome
Sal u 'n Entrepreneurskapsdag van die kollege bywoon?

JA	NEE

(4)

Kontrolelys
Hoeveel mense is daar in u huishouding?

(1-2)	(2-4)	(4-6)	(6-8)	(8-10)

(4)

Meervoudige keuse
Dui aan in watter soort produkte of dienste sal u belangstel tydens 'n Entrepreneurskapsdag:

Vars produkte	
Handwerk	
Gebak	
Warm maaltye	
Koffie & Tee	
Vermaaksarea	

(4)

Meet terugvoer
Hoe gradeer u die idee van 'n Entrepreneurskapsdag?

Wonderlike idee	
Goeie idee	
Onseker	
Slegte idee	

(4)

Oop-einde
Stel asseblief 'n datum of tyd voor vir die gebeurtenis en noem waarom u daardie dag en tyd gekies het. (4)

SLOT
Die SR van (naam van kollege) bedank u vir u deelname aan hierdie opname en vir u ondersteuning. (2)
[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Stap 1: Definieer die bemarkingsnavorsingsprobleem
Stap 2: Voorlopige navorsing (lessenaarnavorsing)
Stap 3: Ontwikkeling van hipotese
Stap 4: Uitbreiding van die inligtingskedule
Stap 5: Identifiseer en kies inligtingsbronne
Stap 6: Data-insameling en steekproefontwerp
Stap 7: Datavoorbereiding en -ontleding
Stap 8: Verslag van bevindings (8)

4.1.2 Stap 2: Voorlopige navorsing (lessenaarnavorsing)

- Bykomende insigte aangaande die probleem word ontwikkel.
- Help om die probleem meer presies te definieer.
- Help om die ondersoekarea vas te stel.
- Inligting ingesamel vanaf bestuur, personeel en ander wat kennis oor die probleem het.
- Gevallestudies en simulasietegnieke kan gebruik word.
- Kan ook 'n situasie-ontleding wees in die vorm van 'n bemarkingsoudit (6)

Stap 6: Data-insameling en steekproefontwerp

- Besluit watter inligting benodig word, moet op probleem gebaseer wees.
- Kry alle nodige inligting; moenie onnodige inligting insluit nie.
- Bepaal waar die respondente is, hul doelwitte en aspekte.
- Kies insamelingsmetode (opname/eksperimentering/ waarneming).
- Beplanning van veldwerk.
- Die kies en opleiding van veldwerkers. (6)

4.2 Bemarkingsnavorsing sal fokus op die impak van besluite wat deur die besluitnemers gemaak is. Dit moet vrae beantwoord soos:

- Watter produkaanpassings of -verbeterings kan gemaak word?
- Watter ander of nuwe verspreidingskanale is beskikbaar?
- Watter prysstrategieë kan gebruik word?
- Hoe kan promosiestrategieë aangepas word? (5 × 2) (10)

4.3 4.3.1
- Respondent is nie in staat nie/onwillig om akkurate inligting te verskaf.
- Bv., respondent kan nie akkurate inligting gee nie weens moegheid, verveling, vreemdheid (enige toepaslike voorbeeld)
- Die tydsraamwerk van 'n vraelys moet nie meer as 1-3 weke wees nie.

4.3.2
- Respondente word nie genoegsaam vir die nodige inligting gepols nie.
- Bv., onderhoudvoerder verander die bewoording van vrae in die vraelys (enige toepaslike voorbeeld)
- Onderhoudvoerders moet goed opgelei en ervare wees.

4.3.3
- Kom voor wanneer rou data vanuit die vraelyste in navorsingsbevindings omgeskakel word.
- Bv., 'n ongepaste statistiese prosedure word gebruik (enige toepaslike voorbeeld)
- Moderne data-ontledingsprogramsagteware moet gebruik word om hierdie fout te beperk.

(3 × 3) (9)

4.4
- Titelblad
- Oordragsbrief
- Magtigingsbrief
- Inhoudsopgawe
- Bestuursopsomming
- Inleiding
- Metodologie
- Vertolking en gevolgtrekking
- Beperkings en tekortkominge
- Gevolgtrekkings en aanbevelings
- Bylaes
- Bibliografie (Enige 6 × 1) (6)

4.5
- Veldwerkers moet gesond wees omdat veldwerk uitputtend kan wees en die veldwerker moet stamina hê om die werk te kan doen.
- Onderhoudvoerders moet uitgaande wees, rapport met die respondente kan bewerkstellig en aanklank vind by vreemdelinge.
- Veldwerkers moet goeie kommunikasievaardighede hê, insluitend praat- en luistervaardighede.
- Die veldwerker moet 'n aangename voorkoms hê anders kan die data wat ingesamel is bevooroordeeld wees.
- Onderhoudvoerders moet opgevoed wees en goeie lees- en skryfvaardighede hê, ten minste hoërskoolopvoeding.
- As veldwerkers ervare is, sal hulle waarskynlik die taak beter verrig en instruksies volg. (Enige 5 × 1) (5)

[50]

VRAAG 5

5.1 Nominale skaal: (1)
Etiketteringskaal waar syfers slegs as etikette gebruik word om voorwerpe te identifiseer en te klassifiseer. Streng een-tot-een-ooreenstemming tussen syfers en voorwerpe. Bv., rugby- en sokkerspelers. (2)

Ordinale skaal: (1)
Graderingskaal waar syfers aan voorwerpe toegeken word om die relatiewe posisie aan te dui. Word gebruik om die relatiewe mate aan te dui waartoe die voorwerp oor sommige eienskappe beskik. Bv., relatiewe posisie, meer as, minder as. (2)

Intervalskaal: (1)
Numeriese gelyke afstande op die skaal verteenwoordig gelyke waardes in die eienskap wat gemeet word. Dit laat 'n mens toe om die verskil tussen voorwerpe te vergelyk. Bv., temperatuurskaal. (2)

Verhoudingskaal: (1)
Al die eienskappe van nominale, ordinale en intervalskale.
Identifiseer, klassifiseer, gradeer en vergelyk intervalle of verskille.
Bv., hoogte, gewig, geld, ouderdom. (2)

5.2 Die volgende is riglyne. As die voorbeeld wat die student gegee het van toepassing is, merk asseblief dienooreenkomstig.

Meervoudige keuse
Watter van die volgende onderwerpe is problematies tydens studiesessies?
1. Bemarkingsnavorsing en die produk se lewensiklus
2. Die bemarkingsnavorsingsproses
3. Opnamefoute
4. Vraelysontwerp
5. Steekproefmetodes
6. Ontledingsmetodes
7. Al bogenoemde

Digotome vraag
Is jy 'n lid van die bemarkingsnavorsingstudiegroep?
Ja Nee

Likert-skaal
Deur lid van 'n studiegroep te wees, het 'n verskil aan toetsresultate gemaak.
Dui asseblief aan hoe sterk jy met hierdie stelling saamstem of verskil.
1. Stem glad nie saam nie
2. Stem nie saam nie
3. Neutraal
4. Stem saam
5. Stem heeltemal saam

Terugvoermetingskaal
Hoe beoordeel jy die ondersteuning wat deur die bemarkingsnavorsingsdosent gegee is?
Uitstekend Goed Gemiddeld Swak

Kontrolelys
Noem jou ouderdom:
(17-21) (22-26) (27-30)

(4 × 3) (12)

5.3
- Metodologie wat gebruik is om die data in te samel
- Akkuraatheid van die data
- Wanneer die data ingesamel is
- Die rede waarom data ingesamel is
- Die inhoud van die data
- Betroubaarheid van die data (6)

5.4 5.4.1 Stap 1: Definieer populasie
Stap 2: Bepaal die steekproefraamwerk
Stap 3: Kies steekproefmetode
Stap 4: Bepaal die steekproefgrootte
Stap 5: Voer die steekproefproses uit (5)

5.4.2
- Die belangrikheid van die besluit
- Die aard van die navorsing
- Die aantal veranderlikes
- Die aard van die ontleding
- Steekproefgrootte wat in soortgelyke studies gebruik is
- Voltooiingskoers en hulpbronbeperkings (Enige 5 × 1) (5)

5.5
- Langtermynneiging (L) dui die effek van langtermynfaktore op voorspelling aan, bv. toename in populasie.
- Sikliese komponent (C) gaan oor die golfagtige faktore op voorspelling wat gewoonlik deur ekonomiese faktore veroorsaak word. Word gebruik vir korttermynvoorspelling.
- Seisoenale komponent (S) gaan oor die golfagtige bewegings op 'n spesifieke tyd van die jaar wat deur seisoenale toestande veroorsaak word, bv. klimaat.
- Wisselvallige skommeling kom voor as toevallige gebeure plaasvind, bv. droogtes, vloede. (Enige 3 × 2) (6)

5.6
- Geriefsteekproefneming
- Doelgerigte steekproefneming
- Kwotasteekproefneming
- Sneeubalsteekproefneming (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou